

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 20

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

CHRISTUS GEKRUISIG

Ons het hierbo 'n waarheid neergeskrywe. Hulle het Jesus Christus gekruisig, maar wat ook waar is: Hy is onskuldig gekruisig. Die Romeinse reg wat die strengste regspraak is, het verskeie maal Hom onskuldig verklaar en tog het hulle Hom gekruisig.

Hy het onskuldig aan die kruis gesterwe, maar nie as 'n martelaar nie. Nee, Hy het as Borg gely en gesterwe. Hy was Borg vir sondaars wat skuldig staan voor die heilige en regverdige God. Voor sy regterstoel moet ons almal eendag verskyn met ons doemskuld. Vir elke woord, daad en gedagte wag daar die oomblik van afrekening. Dan moet ons ons verantwoord.

Ons kan nog slim wees en slim praatjies maak, maar daar sal ons as skuldige en vervloekte voor God staan met ons mond gestop. Nou het Christus vir ons as Borg en Middelaar ingetree. Hy het vir ons aan die kruis gesterf toe ons nog sondaars was. Hy het Homself aan die kruis laat vasspyker ter wille van ons sondes. Hy het 'n vloek geword ter wille van die vloek wat op ons rus, sodat Hy ons met sy seëning kan vervul. Hy het ons skuld en ons vloek op Hom geneem. Alleen só kon vir ons ongeregtighede versoening gebring word. Daarvoor het Hy Homself gegee. Nou het Hy sy lewe vir sy vriende gegee. Daardie vriende is ellendige sondaars.

Langs hierdie weg het Hy vir Hom 'n eiendom verkry uit die sondige mensdom. Hy het hulle gekoop met sy bloed en nou behoort hulle nie aan hul-self nie, maar aan Hom. Daardie eiendom moet nou 'n dankbare lewe aan Hom toewy. Daarom kan hulle nie lewe soos hulle wil nie. Hulle is syne en soos Hy Homself oorgegee het moet hulle hulself oorgee. Hulle moet nou bereid en gewillig wees om vir Hom te lewe en nou, dwaal jy daar vër rond. Jy lewe soos jy wil sonder om aan die gekruisigde Christus te dink. Daardie kruisdood het sover maar min indruk op jou lewe gemaak en min invloed op jou lewe uitgeoefen . . .

Hy is vir jou gekruisig. Hy het Homself ter wille van jou oorgegee en jy sal nêrens elders rus en vrede vind nie as net by die kruis nie. Jy is besig om jou tyd te mors en jou lewe en die lewe van jou dierbares te verswendel. Jy het dit al self gesien en belewe. Jy jaag van die een ding na die ander. Jy soek oral tevergeefs. Jy hardloop van die kroeg na die bioskoop — van die bioskoop na die danssaal en van die danssaal na sport.

Jy soek plesier en afleiding en probeer jou lewe vul met allerhande prettighede. Dit is meer geld en goed of stokperdjies wat jy nodig het . . . maar jou lewe is leeg en bly leeg. Jou lewe is vol van baie dinge, maar jy bly onvergenoegd. Niks kan bevredig en niks kan rustigheid bring nie. Jy mis 'n sekuriteitsgevoel. Jy is gefrustreerd. Daar is niks blywends waaraan jy jou lewe kan anker nie. Geen wonder dat jy op die pad van verwoesting is en jy is besig om selfmoord te pleeg . . . jy ly skade aan jou siel.

Al hierdie dinge waarna jy so jaag en jou hart op sit, kan jou nie gelukkig maak nie. Jy kan nie met dié dinge tevrede wees nie, want jy is mens van God. As mens van God is daar vir jou sonder die gekruisigde Christus geen rus, geen vrede en geen vergenoegdheid nie. Sonder Christus is daar geen sekuriteit nie. Die graf en die hiernamaals staar jou aan soos monsters waarteen jy geen verweer het nie. Ook teen hulle is daar net een sekuriteit en dit is die gekruisigde Christus op wie jy jou rug aanhoudend gedraai het.

Eindelik, jy het nou al so baie dinge probeer en so oral gesoek vir daardie sekuriteit. Het jy soms die kruis van Golgota probeer? Ons wil jou verseker dit is die moeite werd om daar rus vir jou siel te gaan soek. Onthou, Hy is ook vir jou gekruisig, al is jy die vernaamste sondaar

en al is jou nek die hardste van alle harde nekke. Sy bloed reinig ons van al ons sondes.

R. S. J. van Wyk.

"EK WAS DOOD EN KYK, EK LEEF TOT IN ALLE EWIGHEID."

Ons lewe . . . ons praat almal gedurig van die lewe. Die moeite en genot; die vreugde en verdriet van die LEWE. Die LEWE is wonderlik en tog ook so tragies. Sielkundiges raai ons aan om maar nie te dink aan die onaangename dinge van die lewe nie. Probeer dit ontvlug deur jou besig te hou met aangename dinge. Hou jou besig met 'n stokperdjie. Gaan na plesierplekke. Doen mee aan sport. Probeer om iets nuttigs te doen wat jou gevoel van eie waarde laat groei. Maak jou lewe vol en moenie voortdurend dink aan jou probleme en die vraagstukke van die LEWE nie. Veral ook nie aan die dood nie. Vergeet dit en LEWE solank jy nog kan.

Tog kan ons die LEWE nie ontvlug nie en die DOOD nog minder. Ons kan die LEWE nie gee nie en die DOOD nie afweer nie. Ons ken die uitdrukking: Dit gaan om lewe en dood en dan dink ons aan sekere oomblikke; benoude oomblikke, gevaarvolle oomblikke, wanneer 'n mens alle krag en elke greintjie vernuf moet inspan om jou lewe te behou.

Vergeet u dan dat dit elke oomblik gaan om lewe en dood. Wie lewe, is stadig besig om te sterwe. Die dood wink elke uur. U moet ook nie dink dat ek u wil bangmaak nie. Ek weet dat ek u nie kan bangmaak nie. Net so min as wat 'n blinde kan sien, net so min word die moderne mens bang vir die dood, voordat die dood werklik daar is. Hy het te goed geleer om hom te pantser teen elke vrees. Soms val die skaduwee van die doodsvrees vlugtig oor sy gemoed, maar spoedig verdring hy dit met iets anders. Lewe man, lewe en vergeet die dood. Moenie dat die skaduwee van die dood jou lewe vergal nie.

Tog laat die dood hom nie so maklik vergeet nie, want hy is 'n afskuwelike werklikheid. Nooit besef ons dit so goed as wanneer ons 'n geliefde na die graf dra nie. Of ons nou blomblaartjies op die kis strooi en of ons die lyk veras, die afskuwelike van die dood bly 'n werklikheid.

"Nou wat van julle Christene – julle gaan ook maar dood. Sommige van julle is banger vir die dood as baie ander mense," werp u teë.

Ja, u is heeltemal reg. Ons staan ook met smart by die graf. Ons weet ook van die kortstondigheid van die lewe. Die Bybel wat die rigsnoer vir ons lewe is, praat selfs van die mens, wat soos die gras verdor en die blom verwelk. In die môre bloei dit en teen die aand het dit verdwyn. Ag, ons ken ook doodsvrees, want ons is ook mense van vlees en bloed. Ons weet dat die dood 'n afskuwelike monster is, waarvoor ons gril en terugdeins. Miskien moes u al onder operasie gaan. U het alle vertrouwe in die dokter en sy mes. Tog sou u nie maar net mens wees, indien daar nie 'n sweempie van vrees aan u hart knaag nie.

Alhoewel ons Christene weet dat die dood maar 'n operasie is. Daar word slegs gewasse afgesny. Ons weet dat die dood 'n afsterwing van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe is. Tog sidder die meeste van ons ook as ons die mes in die hand van die groot Snydokter sien. Daarby weet ons van ons doodsvyande. Ons weet van bese geeste in die lug wat ons juis aanpak wanneer ons swak is. Ons is ook, soos u, met bande van bloed en vriendskap aan hierdie wêreld gebind. Ons het wel nuwe harte, maar hulle is nog nie volmaak nie. Ons sien nog maar deur 'n spieël in 'n raaisel.

Wat is dan die verskil tussen 'n Christen en 'n ateië? Die Christen weet in LEWE, dat God regeer. Hy bely: "U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad." God lei soms deur dieptes van doodskaduwee, maar die Christen se anker is: Hy lei en Hy beskik alles ten goede oor my. Die belydenis van die Christen gaan verder: "U sal my lei deur u raad en my daarna

in heerlijkheid opneem ..." Die Christen is nie op 'n doodlooppad nie. Die doodsdal is diep en donker, maar is tog die poort na die heerlijkheid. Waarom? Omdat Christus kon sê: "Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Daarom kan ons ook die woord daarby voeg: "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe."

En die ander pad? Wie regeer vir die ateïs? Op sy beste miskien die blinde noodlot. Veel erger is sy gedagte dat die mens regeer. Die mens wat atoomkragte ontken en speel met moordtuie. Die mens wat wonder tot stand bring, maar wees ons as ons in die mag van die magsdronke mens gelaat word. Kom ons voor die dood te staan, wat vermag die noodlot of die mens dan? Hulle kan nie eens 'n perskepit maak nie, al wentel hulle om die aarde in ruimtevoertuie. Hulle kan niks maak wat werklik lewe in homself het nie.

God alleen kan lewe maak. Daarom kan ook Hy alleen lewe uit die dood gee. Ons staan by die wonder van die lewe. Daarom is ook die ewige lewe vir ons nie te wonderbaarlik dat God dit kan gee nie.

M. J. Booyens.

"NA DIE DOOD"

"Lekkergetelowers" . . .dit is hulle naam. Hulle glo nie in 'n lewe hierna nie... so het ons gehoor. Waarlik, so het ons ook gesien!

Ons het Giel Viljoen goed geken. Hy was een van hulle — van die Lekkergetelooft — en tog was hy in die hele gemeenskap baie bemind. Toe is Giel skielik dood.

Ons was by toe hy begrawe is. Ja, eintlik is "begrawe" nie die regte woord nie. Dit het my laat dink aan die dood van 'n dier . . . 'n dier met 'n besmetlike siekte! Op die plaas is hulle eenkant in 'n gat gegooi en toegemaak. Giel se kis was tuisgemaak. Die planke was rof en ongeskaaf. Die onafgewerkte buitekant het getuig van haas.

Die gat is 'n entjie weg van die plaashuis gegrawe. Baie mense het gekom om by te wees as Giel Viljoen ter ruste gelê word. Die huis en die stoep was te klein. Miskien het hulle 'n plegtige begrafnis verwag. Daar was geen kerkdiens nie, geen lykswa en geen stoet nie. Vier van Giel se familie het sonder seremonie die kis uit die agterkamer na die gat gedra. Ek het sy oudste broer nog hoor mompel: "Stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer." Dit was al. Geen woord van troos; geen gesang; geen gebed. Daar was nie van Giel se familie wat ek sien huil het nie. Die werkers het die graf begin toegooi.

Dit was die einde van Giel Viljoen. Daar was geen sprake van "hierna" nie, geen gedagte aan 'n opstanding nie. Ek kon die woorde van die Prediker maar nie terugdwing nie: ". . . die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere . . . soos die een sterwe so sterf die ander . . ." (Prediker 3:19). Die mense van die Lekkergetelooft — hulle het geen hoop vir 'n opstanding gehad nie. Daar was geen vrees vir die dag van herontwaking en vergelding nie.

Die Lekkergetelowers is 'n sekte, maar lekkergetelowers is daar vandag baie. Vanmôre nog het ek in die koerant gelees: 'n Motor is op 'n eensame plek gevind. Die insittende is dood aangetref. 'n Plastiekpyp is met die uitlaatpyp verbind. Geen misdaad word vermoed nie. 'n Ander berig het gelui: Vrou val na haar dood uit woonstelgebou. Sy is omstreeks middernag vir die laaste keer lewend bo-op 'n balkon op die sesde vloer gesien. In die vroeë oggend het die nagwag haar lyk op die sypaadjie aangetref.

En na die dood nou . . . ? Na so 'n dood . . . ? Dit maak in elk geval seker nie saak nie. As die ellende van hierdie troostelose bestaan maar net beëindig kan word! Daar word verlang na die dood, want na die dood is daar tog niks . . . net die ewige leegheid van om nie-meer-te-lewe-nie. Dink u ook so, geagte leser?

Wie het sekerheid oor die "hiernamaals?" Wie kon nog ooit die sluier lig? Al wat ons het, is teorieë . . . Tog, as u wil luister, die Bybel lig die sluier. God openbaar aan ons wonderlike dinge. Dit is die enigste sekerheid!

— daar hoor ek 'n digter jubel: "maar ná die dood dan rys die dag vir my ..." (Psalm 49:16).

— ek hoor daar 'n sterwende gryse prewel: "Op U heil wag ek Here ..." (Gen. 49:18).

— daar sien ek 'n apostel wat in die gevangenis in kettings sê: ". . . ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste ..." (Fil. 1:23).

Dit is die verwagting van hulle wat in Jesus Christus glo. Hy het dan self gesê: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe." (Joh. 11:25). Na hierdie woorde het Hy 'n man met die naam van Lasarus uit die dood laat opstaan!

Die geloof in Christus laat jou lewe vandag! Dit laat jou lewe ná die dood! Dit laat jou lewe

tot in ewigheid, maar helaas, sonder die geloof in Christus wat verlos van sonde en dood — wag daar nie net die graf nie, maar die ewige toorn van God.

In die Bybel lees ek: ". . . tot in ewigheid sal hulle die lig nie sien nie . . ." (Psalm 49:20).

". . . En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was . . ." (Luk. 16:23).

". . . Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy (Christus) se stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling ..." (Joh. 5:28, 29).

Dit is waar . . . ná die dood is daar ewig lig of ewig duisternis — ewig met God in 'n heerlikheidslewe of ewig in die hel met afgryslike smarte. Waarheen is jy op pad? Dis reg, na die dood, maar . . . ná die dood?!

N. Droomer

IS JY MAAR NET 'N NOMMER IN DIE SKAKELBORD VAN DIE LEWE?

Die telefoon lui

Dit is vanaf een nommer wat jy na 'n ander nommer skakel.

Ons hele lewensgeskiedenis word in nommers geskryf.

Vernaamlik in die groot stede.

As nommer word ek afgemerkt by my geboorte en as nommer word ek afgemerkt by my sterwe.

Identiteitsnommer... 'n Posbusnommer ...Huisnommer ...Telefoonnommer ...Selnommer ...Polisnommer ...en eindelik is jy 'n nommer in die kerkhof! Jy voel soos 'n rat in die masjien nie waar nie? Buitendien, bly jy nog in 'n meenthuis ...dit lyk net soos die ander langsaan. Dan word die lewe so kleurloos ... onpersoonlik. "Die mens leef nie meer nie, maar word geleef," het iemand gesê.

Vriend, daarna smag geen mens nie. Nee, ons smag daarna om geken te word ...persoonlik... intiem. Hoe dikwels voel jy nie goed as die geneesheer persoonlik in jou belangstel nie. Hoe baie mense wat in die stede vereensaam, spandeer honderde rande aan dokters net sodat hy persoonlik aandag aan hulle kan gee. Almal wil as persoon behandel word.

Hoe was jou verlede in die kerk? Ook maar net 'n nommer op die lidmaatregister ... verder dood. Ja, en die ergste ...jou predikant en kerkraad het ook blykbaar jou huisnommer en telefoonnommer vergeet ... Liewe vriend, luister nou. Ek wil op jou nommer druk! Ek wil persoonlik met jou praat ...nie oor die telefoon of as nommer nie ...nee, persoonlik. Net ek en jy! Ek wil daardie nommerkompleks van jou wegskeur. Ek wil al jou nommers neem, dit in die masjien van die lewe voer en jou wys dat dit tog maar jy is wat anderkant uitkom. Ek wil woorde van ewigheidsbetekenis aan jou hart vasbind. Leef daaruit.

Ek weet van iemand wat jou persoonlik, by jou naam, ken. "Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne."(Jesaja 43:1). Hard en duidelik roep Jesus Christus jou op jou naam! Nie 'n onpersoonlike roep nie. Nee, Hy spreek met jou in die hartkamers van jou lewe ...persoonlik. Hy roep fluisterend in u binnekamer.

Dit is tog die wortel van ons troos dat ons deur Hom geken word... dat Hy jou persoonlik liefhet en ken.

In die Bybel behandel hy almal persoonlik: Die siekes, die kreupeles, die ryk jongman, die arme, die blindgeborene, die sondares, Judas, Johannes, Petrus, Paulus . . .Hy is die goeie Herder ... "Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk ...Ek sal hulle oppas soos dit reg is." (Esegiël 34:16). "En julle is my skape, die skape van My weide; julle is mense, Ek is julle God, spreek die Here, Here." (Esegiël 34:31).

Sien jy hoe persoonlik ken God jou? Hy is ook God ...nie 'n nommer in die ry van afgode nie. Hy stel Hom voor aan jou. Julle is mense, Ek is julle God ..." God ken u, al het u afgedwaal. God ken jou nommers ...huisnommer en telefoonnommer.

Dit skakel in u ore ...aanhoudend ...die sleutels van die hemelryk rinkel in u ore. God spreek... luister! "En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp." (Openbaring 20:15)

Vriend, asseblief ...God vergader die wat Hy ken in die kerk ...en eendag in die hemele ...nie as nommers nie maar as verlostes in Christus die Here. Persoonlik vergader Hy hulle. Elkeen sal 'n nuwe naam op sy of haar voorkop ontvang...nie nommers nie ...name wat die deugde van God sal verkondig. "En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees." (Openbaring 22:4).

Vriend, asseblief, ek het klaar op jou nommer gedruk!

A. G. C. Yssel.

EK IS MY EIE GOD...

VRIEND: "Glo jy in God?"

U: "Nee, om eerlik te wees, ek kon myself nog nooit sover kry om aan bonatuurlike wesens te glo nie.

VRIEND: "Jy bedoel dat jy aan niks glo wat jy nie kan sien nie?"

U: "Wel, as jy dit so stel, klink dit vir my self ook baie kras. Ek weet daar is baie dinge waaraan ek glo wat 'n mens nie kan sien nie, maar aan 'n God wat met my iets te doen het, vir wie ek moet luister, kan ek net nie glo nie. Elke mens moet maar self uitmaak wat reg en verkeerd is; elke mens moet sy eie toekoms skep soos baie groot manne dit al gestel het. Ek gee toe dat elke mens godsdiens moet hê. Ek is ook godsdienstig!"

VRIEND: "Nou verstaan ek jou nie mooi nie. Jy sê jy glo nie in God nie maar in dieselfde asem beweer jy dat jy ook godsdienstig is."

U: "Ek weet nie mooi hoe om jou vraag te beantwoord nie. Soos ek gesê het, glo ek nie in 'n God wat vir my kan hiet en gebied nie. Daaroor hoef ons nie nou verder te gesels nie, want jy sal my nie kan oortuig nie. Buitendien dink ek nie graag oor so-iets as wat jy "God" noem nie. Nou het ek darem ook my eie beginsels, my beskouing van die lewe, my lewenswette...Is dit nie godsdiens nie?"

VRIEND: "Jou geloofsbelydenis is dus: 'EK IS MY EIE GOD'?"

U: "Maar jy is mos besig om nou vir my te preek!"

VRIEND: "Dit beantwoord nie my vraag nie. Maar dink ten minste daaroor na..."

GEDAGTES:

Hoekom is ek nie lus om veel oor God te dink nie?

Is ek bang?

Hoekom het ek my vererg vir my vriend se logiese afleiding?

Voel ek skuldig?

Is ek dalk my eie God? Net die gedagte skrik my alreeds af! Dit klink verwaand en selfverheffend.

My plek: In alles kom ek eerste. Ek dink net aan my eie voordeel. Op my lys van uitverkorenes troon my eie naam uit. Die groot wêreld van my dade en gedagtes draai om my.

Diagnose: Dan is ek my eie God. Ek het God se plek gesteel.

"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid in der ewigheid." (Rom. 11:36).

My beginsels: Ek lewe volgens my eie insigte. Ek skep my eie beginsels. Ek is my eie Wetgewer.

Diagnose: Dan is ek my eie God. Ek het God as Wetgewer vervang.

"Die bevel van die Here is reg: hulle verbly die hart; Die gebod van die Here is suiwer: dit verlig die oë . . ." (Psalm 19:9).

ONDERBREKING:

Vriend, ek wil met jou gedagtes saamstem. Ek hoop net dat jy jouself eerlik gediagnoseer het. Nou het jy jou gruwelike kwaal blootgelê. Dit beteken nog nie dat jy daarvan genees is nie.

Skryf nou op elke plek waar jou eie naam so groot pryk, die Naam van die ewige God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het.

Begin luister, begin jouself aan Hom onderwerp, BEGIN STERWE, BEGIN LEWE!

A. du Plessis.

VROUE IS MY GODINNE

Ek waardeer dit, jong vriend. Ek bedoel dat jy ten minste eerlik is. Daar is natuurlik duisende jongmans soos jy, maar hulle het nie die moed om dit openlik te sê nie.

Vroue is jou godinne, het jy gesê. — wat my dadelik laat dink het aan 'n boesemvriend, jare gelede. Ek moet jou dit eers vertel. Ons was skoolmaats en later studentemaats, Karel en ek. In alle opsigte was hy 'n uitstaande persoon, innemend, gulhartig en vol lewenslus. Die siel van die studentelewe en almal se held... met 'n besonder briljante brein. Sy pa se bloeiende praktyk het vir hom gelê en wag. As sportman het hy eenvoudig geskitter en daar was sterk sprake dat hy Springbok sou word. Daarby was hy besonder aantreklik, 'n "ladies" man", soos hulle sê en die meisies was dan ook voor die voet dolverlief op hom... en hy was net so lief vir hulle. Nie dat dit verkeerd is om 'n meisie te hê nie, maar hy! Elke aand was hy uit met 'n ander meisie. Ek sal jou maar nie vertel van sy ondervindings en avonture nie.

In die begin was dit onskuldig. Later nie meer nie. Meisies het vir hom 'n te groot deel van sy lewe geword — miskien die grootste. Hy het verslaaf geraak aan vroue. Soos 'n mens verslaaf raak aan drank. Van kwaad tot erger... hulle het sy godinne geword en sy ondergang.

'n Jaar gelede het hy en sy vrou en dogtertjie hier in my gemeente ingetrek. Kort daarna het daar begin stories rondgaan van ander vroue. Jy weet mos hoe dit gaan: 'n drinker wat gewoon is aan vier of vyf sopies, sal later nie tevrede wees met een nie.

Arme ou Karel. Verlede Saterdag het ek hom begrawe. Hulle het hom buite die dorp in sy motor gekry. Koolstofmonoksiedvergiftiging het die dokter gesê. Sy dogtertjie het my met groot blou oë aangekyk die dag met die begrafnis. Daar was trane in. Ek weet nie, miskien verstaan sy al. Die meisie, die laaste van sy godinne, was nie daar nie. Nou sê die mense... nee wag, dis nie 'n mooi storie nie. Ek wil jou liewers nie vertel nie.

Wat ek wel aan jou wil vra, is: Weet jy waarmee JY besig is? Onskuldig, sê jy? Hoeveel keer het ou Karel dieselfde aan my gesê en tog, vandag lê hy in sy graf — daarheen gesleep deur sy godinne.

Hoe hy voor God moet verskyn, weet ek nie. Die Here beveel ons so uitdruklik in sy Woord om nie so 'n lewe te lei nie. "Want dit moet julle weet, dat geen hoereerder of onreine . . . 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie." (Efesiërs 5:5). "Want God sal hoereerders en egbrekers oordeel." (Hebr. 13:4).

Lees gerus verder in Spreuke 7 wat die Spreukdigter deur sy venster gesien het en wees gewaarsku" . . . want baie is die gesneuweldes wat sy laat val het, en talryk almal wat deur haar vermoor is," (Spreuke 7:26).

Die HERE is 'n jaloerse God, wat alleen jou God wil wees. Hy duld geen gode of godinne nie. Anders moet jy sy oordeel verwag.

Onthou: môre, oormôre staan ek en jy voor Sy regterstoel.

W. J. Maritz.